Naam

Die houtkapper en die skatkis

1 Daar was eendag, lank gelede, ‘n arm houtkapper en op ‘n dag moes hy een van die heel grootste en mooiste bome in die woud afkap. Dit was asof hierdie boom moeiliker as enige ander boom was om af te kap.

2 Die houtkapper het gekap en gekap en gekap. Eers na ‘n paar dae se geswoeg en gesweet het die boom met ‘n stadige gekraak begin kantel. Toe, met ‘n geklap van takke wat breek, skeur die boom homself met sy wortels en al uit die aarde uit. Die bos was skielik vreemd verlig – die lig het vir die eerste keer in honderde jare in hierdie deel van die bos ingeskyn. En dis toe dat die houtkapper iets vreemds tussen die wortels van die boom sien...

3 Toe hy nader tree, sien hy dat dit ‘n ou, verweerde kis is, met swaar kettings rondom gewikkel. Die kis was baie swaar. Met ‘n groot gesukkel het die houtkapper die kis los gekry en gesleep tot op ‘n gelyke stuk grond. Hy het versigtig die deksel opgelig. Toe die son se strale op die inhoud van die kis skyn, was die lig so helder dat die houtkapper sy oë styf moes toeknyp – die kis was propvol glinsterende juwele en munstukke!

4 Die houtkapper was so opgewonde dat hy handevol van die muntstukke en juwele sommer voor by sy stukkende hemp ingegooi het. Hy het in die rondte gespring en begin sing en dans van vreugde. Hy kon sy geluk nie glo nie.

5 Skielik het ‘n takkie in die bosse agter hom gekraak... Die houtkapper het yskoud geword van skok en na sy byl gegryp. Hy was reg om wie ookal dit was, dood te maak. In die bossies oorkant hom het ‘n pragtige bosbokkie gestaan en met groot, onskuldige bruin oë na hom gekyk.

6 “Sjoe! Weg is jy!” het die houtkapper op die bokkie geskree en sy byl dreigend in die rigting van die bokkie geswaai. Die skugter dier het verskrik padgegee.

7 “Wat het van my geword?” het hy geprewel. “Die skat het van my ‘n monster gemaak. Ek was gereed om mens of dier onmiddellik dood te maak!” Die houtkapper het opgespring en koorsagtig die munstukke en juwele wat oral verstrooid gelê het, begin optel. Haastig het hy elke enkele stukkie opgeraap en teruggegooi in die kis.

8 Toe alles opgetel was, het hy die kis se deksel toegeslaan, die kettings weer stewig om die kis gedraai en die kis in die gat waar die boom se wortels was, ingegooi. Daarna het die houtkapper begin om die gat toe te gooi met grond. Toe hy klaar was, kon niemand sien dat daar ooit ‘n gat was nie, en niemand sou ooit kon dink dat daar ‘n skatkis begrawe is nie...

LIVEWORKSHEETS

(Aangepas uit: Storieman, deur Leon Rousseau, 1993)

Vrae:

Kies en omkring die korrekte antwoorde.

1. Gee die trappe van vergelyking van die woord moeilik:
   a) moeiliker; moeilikste
   b) meer moeilik; mees moeilik
   c) moeilikker; moeiliksste
2. Wat beteken die uitdrukking "om te swoeg en te sweet"?
   a) Dit beteken dat 'n mens lanklaas gebad het en dus na sweet ruik.
   b) Dit beteken dat 'n mens harde en swaar werk verrig.
   c) Dit beteken dat 'n mens sukkel met 'n sekere taak.
3. Wat beteken die woord "verweerde" ('n ou, verweerde kis)?
   a) Oud
   b) Verbrokkel of verniel deur die invloed van die weer
   c) Vuil
4. Gee die verkleiningsvorm van die woord "muntstukke"?
   a) muntstukkie
   b) muntstukies
   c) muntstukkies
5. "Yskoud" is die intensiewe vorm van koud. Omkring nou die korrekte intensiewe vorm van die woord "dood":
   a) morsdood
   b) doodeenvoudig
   c) doodonskuldig
6. Wat was in die bosse agter die houtkapper wat 'n takkie laat kraak en hom baie groot laat skrik het?
   a) 'n Reuse olifant.
   b) 'n Aggressiewe hiëna.
   c) 'n Pragtige bosbokkie.
7. Gee een woord uit die leesstuk wat die manier waarop die houtkapper sy byl na die bosbokkie geswaai het die beste beskryf.
   a) dreigend
   b) hulpeloos
   c) verwilderd
8. Wat beteken die woord "skugter" (die skugter dier)?
   a) Bang om aandag te trek.
   b) Vinnig en rats.
   c) Wild en gespanne.
9. Wat beteken die woord "koorsagtig" (koorsagtig die muntstukke...begin optel)?
   a) 'n Verhoging van jou liggaamstemperatuur omdat jy siek is.
   b) Met heftigheid, onrustigheid en groot gejaagdheid iets doen as gevolg van druk of spanning.
   c) 'n Toestand van innerlike opgewondenheid.
10. Watter items was alles binne-in die kis gewees?
   a) Glinsterende juwele.

LIVEWORKSHEETS

b) Glinsterende muntstukke en ornamente.
c) Glinsterende juwele en muntstukke.

LIVEWORKSHEETS

LIVEWORKSHEETS